tussen Nederland en Suid-Afrika hegter te maak. Prof. A. Francken bedank as oud-Hollander vir dié woorde en behandel dan „Ou-Nederlandse Musiek.''

Dié groot gebeurtenis vir die nuwe verenigingsjaar was die besoek van Oud-president F. W. Reitz. Op die vergadering van 15 Sept. 1920 het hy van sy persoonlike ondervindings uit die ou dae in die Vrystaat meegedeel. Dit was by uitstek „humoristies-anekdoties,'' sê die sekretaris. Hy beskryf hoe hy in 1874 in Bloemfontein aangekom het, maak melding van Scottie Smith, die bekende diamant- en perdedief, en vertel so een en ander van die ou Volksraad. Ná hy aangetoon het dat die Engelse geen vrede wou hê nie en daarop uit was om Transvaal te annekseer, behandel die President ook 'n paar insidente uit die oorlog.
Die President Steyn-aand is weer gevier op 25 November 1920 en op 19 Februarie 1921 kon O.T. weer luister na 'n toespraak van dr. S. F. N. Gie van Stellenbosch oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis, terwyl mnr. Gerard Moerdyk gepraat het oor die Suid-Afrikaanse Boukuns (7 April 1921).

„Na 'n paar maande van skynbare dood,'' skryf die sekretaris by die vergadering van 30 Augustus 1922, „is daar weer nuwe lewe by Ons Taal te bespeur. Dit was 'n aand van oorspronklike werk, en dit moet hier bygevoeg

word dat die verrigtinge 'n groot sukses was.'' Tog klae die voorsitter, dr. W. Arndt, op die jaarvergadering (25 Okt. 1922) oor die swak opkomste. Ons Taal is die enigste vereniging in die stad, wat ten grondslag het die strewe na 'n eie Afrikaanse kultuur, en tog het maar 'n betreklik klein getal nuwe lede gedurende die afgelope jaar aangesluit. Die bestuur weet nie waaraan dit te wyte is nie en konstateer die feit met die grootste leedwese.

Die nuwe bestuur met mnr. D. Steyn as voorsitter en mnr. Dirk Mostert as sekretaris, het nou probeer om weer lewe in die vereniging te bring. Die bestuur het besluit om die Vrystaatse voetbalreëls te vertaal, en die wenslikheid van 'n plaaslike dagblad in Afrikaans is ook bespreek. 'n Toneelkomitee sal weer in die lewe geroep word om 'n toneelstuk op te voer.

Op 29 November 1922 is 'n President Steyn-aand gehou en het prof. Kestell 'n skitterende rede gehou oor „Enige Karaktertrekke van wyle Pres. Steyn.'' Mnr. Tommie Beckley het drie gedigte van Jan Celliers voorgedra en aan musiek en sang het dit nie ontbreek nie.

Ons Taal het weer siek geword sodat die voorsitter op die vergadering van 26 Maart 1924 die feit moes konstateer „dat die vereniging aan die kwyne of aan die sterwe was. Die laaste helfte van die vorige jaar was daar geen sekretaris nie, en daarom het die lewe van die

vereniging begin verswak totdat dit nou aan die sterwe is. „Wat moet nou gedaan word?'' vra die voorsitter. „Dit, dat daar 'n tydperk van stryd vir bestaan en heropbou tot bloei moet wees.'' Die gees van laksheid en geestelike doodsheid moet uitgeroei word. Die kas is leeg en lede het ook nie hulle subskripsiegelde betaal nie. Tog gee dr. D. G. Conradie, dr. C. F. Visser en ds. P. Boshoff wenke aan die hand hoe om die vereniging te laat herlewe. As nuwe voorsitter en sekretaris ageer mnr. R. J. van Reenen en mnr. G. A. Schepers onderskeidelik.

Die opkoms by die volgende algemene vergadering (30 April 1924) was dan ook „bowe verwagting'' groot. Musiek, sang en voordragte was volop, en toe praat dr. Joubert oor „Die Builepes.'' „Die vrae aan die einde het gewys dat die lesing populêr en boeiend was.'' Ook op die volgende vergadering (28 Mei 1924) was daar 'n mooi opkoms, „en wat meer bemoedigend is, daar was meer dames as verwag is.'' Oorspronklike werk is gelewer op die vergadering van 27 Augustus 1924. Dr. D. F. Malherbe het van sy eie gedigte voorgedra, dr. Visser weer het van sy liedere deur die Normaalstudente laat sing, terwyl mnr. H. H. van Rooyen 'n dramatiese vertelling gelewer het.

In 1925 het O.T. as voorsitter gehad prof. S. P. Barnard. Lesings is gehou deur mnr.

C. H. Schmidt oor „Adler en die Psigo-analise,'' en deur mnr. Piet Oosthuizen oor „Intelligensie-toetse.'' Toe gebeur dit op 'n vergadering van 29 April 1925 dat prof. Barnard betoog dat „Onse Taal langsamerhand verander het van 'n taalvergadering puur en simpel tot 'n kulturele byeenkoms, en aangesien die kuns internasionaal is, daar volgens sy mening hoe-genaamd geen beswaar teen kan wees dat daar ook byvoorbeeld Engels op die Onse Taal-aand gesing word nie.'' Vreemd is dit dat niemand 'n aanmerking hierop gemaak het nie. Die sekretaresse, mej. L. Schoon, sê die vergadering het „tevrede'' uiteen gegaan.

Die dagbladwording van *Die Volksblad* (1 Okt. 1925) is feestelik gevier deur O.T., en tydens die Kruger-fees is 'n krans op die graf van die oorlede President gelê namens O.T. Adv. Edeling het gepleit (28 Okt. 1925) dat O.T. hom moet beywer om die hele Vrystaat te laat deelneem aan die wedstryd deur die rege-ring uitgeskryf vir 'n ontwerp vir ons nasionale vlag. 'n Komitee is hiervoor benoem, ook om die skole in die saak te interesseer. O.T. self sou 'n ontwerp instuur.

Vir die verenigingsjaar 1925-26 is dr. C. F. Visser weer gekies as voorsitter. Mev. Visser het voorgestel dat O.T. 'n kunswedstryd-vereniging stig, en mnr. Van Gass dat 'n toneel- en sangvereniging gestig word. Wat

die sangvereniging betref, doen dr. Arndt verslag op 'n bestuursvergadering (6 Maart 1926): die stigting van 'n koor sou onpraktics wees, maar miskien sou dit moontlik wees om deur 'n paar persone nuwe liedere te laat voorsing, waarna die vergadering dit dan nasing. Kopieë van liedere kan getik en aan die vergadering uitgedeel word. Die stigting van 'n kunswedstrydvereniging is bekragtig op 'n algemene vergadering van 28 April 1926, en 'n komitee is belas om met verskillende liggame in verbinding te tree ten einde vastigheid te vind.

Die lesing van dr. A. J. R. van Rhyn (24 Februarie 1926) het as tema gehad: die gebreke van ons onderwysstelsel. Hy het ook wenke vir verbeterings aan die hand gedoen. Besonder interessant was die lesing van mnr. Thos. Blok oor „Die Adendorff-Trek,'' 'n vergete bladsy uit ons geskiedenis, en waardevol die lesing van mnr. J. H. B. Reitz oor: „Die begin en die groei van ons Geregshowe,'' want daarin vertel hy van die eerste vonnis wat in 1850 in die Vrystaat uitgespreek is, en die eerste geval van egskeiding, ens. (24 Nov. 1926).

Die vergaderings is so swak bygewoon die afgelope jaar dat die vraag weer bespreek is op die jaarvergadering (24 Nov. 1926) of die vereniging nie opgehef moet word nie. Die voorsitter en verskillende lede het egter hartstogtelik gepleit vir die voortbestaan van O.T.,

en daarop is 'n nuwe bestuur gekies met dr. A. Havenga as voorsitter en mev. E. Fivaz as sekretaresse. Mnr. Thos. Blok het weer 'n lesing gegee oor 'n baie aktuele onderwerp: „Vlae'' (17 Aug. 1927). Hy het die geskiedenis van die vlag nagespoor en toe 'n paar nasionale vlae behandel, soos die vlag van Amerika, die Union Jack, en die Duitse vlag, ens. Mnr. Blok het ook nog kortliks die geskiedenis van die Vrystaatse en Transvaalse vlae nagegaan, en die ou Vierkleur wat vir die laaste keer oor Bloemfontein gewapper het, onder blyke van diep eerbied van die aanwesiges, ten toon gesprei. Hartlik het almal uit volle bors die Vrystaatse volkslied gesing, „waarin die sug na vryheid en onafhanklikheid deur klank en woorde versinlik word.''

Dr. W. von Bonde het weer 'n lesing gehou oor die stokkieman as waterwyser en sien iets sielkundigs daarin (21 Sept. 1927). Adv. F. J. de Jager het spreker bedank en was bly om te sien dat Ons Taalvereniging nou 'n middel begin word om ons jong Afrikaners bymekaar te bring om intellektuele voedsel te kry.

„31 Mei 1928,'' het mnr. Thos. Blok begin op 'n vergadering van O.T. van daardie datum, „is vir heel Suid-Afrika 'n dag van groot herinneringe en blydskap, waarop almal met dankbaarheid sal terugsien en tegelyk hoopvol die toekoms kan tegemoetgaan.'' Slegs agttien

jaar het verloop sedert die stigting van die Unie en alreeds is verbasende vordering gemaak op politieke, ekonomiese, opvoedkundige en kulturele gebied. En nou staan die volk voor 'n nuwe dag in sy geskiedenis. Van die Limpopo tot in Kaapstad sal die Unievlag waai as simbool van die ideale van die toekoms en as aanskoulike voorstelling van die geskiedenis van die verlede.''

Van blywende waarde vir die teoloog en geskiedskrywer is die lesing van dr. H. C. M. Fourie oor die „Taalmoeilikhede van die Bybelvertalers'' (27 Junie 1928).

Op 29 Augustus het Ons Taal sy twintigste verjaardag gevier. Daar was ongeveer vyftig lede en besoekers teenwoordig. Daar is musiek verskaf, terwyl die feesrede deur dr. Van Rhyn gehou is. Wat hy gesê het, is ongelukkig nie opgeteken nie.

Die opkoms by die jaarvergadering (Nov. 1928) was so swak dat die nuwe bestuur nie kon gekies word nie. Tog is afgevaardigdes na die Helpmekaar-konferensie en verteenwoordigers op die Kunswedstrydvereniging benoem. „Die aand is owerigens baie gesellig deurgebring,'' veral deur die „pragtige musiek'' wat deur verskillende dames gelewer is.

Vir maande is daar nou geen vergadering gehou nie, en op die eerste bestuursvergadering van 10 April 1929 word weer geklae oor die

swak opkoms by die vergaderings en die gebrek aan finansies. Die vraag word geopper of die vereniging nie maar ontbind moet word nie. Op die algemene vergadering van 17 April was daar ook „maar enkele persone teenwoordig.'' Dr. D. G. Conradie voel nie vir die ontbinding van O.T. nie: „hy reken die vereniging het nog baie werk, veral in verband met die praktiese handhawing van ons taal.'' Mnr. J. Heese was van gedagte dat O.T. oorbodig geword het nou dat die jong Afrikaners hulle eie kulturele verenigings gestig het. „Prof. A. Francken meen dat die vereniging met opsweping van geesdrif sal kan voortbestaan. Hy word dan ook dieselfde aand tot voorsitter gekies, en mev. H. F. Fivaz weer tot sekretaresse. Hoe 'n groot vreugde was dit nie vir prof. Francken om 'n groot gehoor welkom te heet op die vergadering van 15 Mei 1929 nie. Hy spreek die hoop uit dat die geesdrif sal voortduur en dat die opkoms altyd so goed sal wees. Die bestuur sal hulle bes doen om „O.T. nie te laat dood gaan nie.'' Die lesing van dr. W. J. Luyten oor sy reisindrukke in Rusland is baie geniet. Die saamhorigheidsgevoel is versterk deur gesamentlike sang. 'n Stap in die regte rigting was ongetwyfeld die orkes wat in die lewe geroep is om die geesdrif op te wek.

'n Uiters genoeglike aand het O.T. op 30 Oktober 1929 aan sy lede besorg. Onder begeleiding van die orkes van die vereniging,

waaraan prof. Francken en mnr. J. S. M. Rabie, voorsitter van die Raad van die G.U.K., self deelgeneem het, het die vergadering met geesdrif die twee liedere: „Dierbare Suid-Afrika." en „Hul sal dit Tog nie kry nie," gesing.

Hierna het dr. J. C. Pretorius 'n uiters interessante lesing, wat opgehelder is met ligbeelde, oor sy reisindrukke in Europa gelewer. Spreker het daarin geslaag om die ware atmosfeer van die bakermat van ons beskawing by sy gehoor te herskep en op aanskoulike wyse het hy die skoonhede en eienaardighede van die verskillende vastelandse stede, waar hy vertoef het, en die nasie-eienskappe beskryf. „Hy het die begeerte by my opgewek," skryf die sekretaresse, „om te gaan so gou als moontlik om al die skoonhede te gaan sien in Europa, om daarna weer die vryheid en ruimte van my eie land des te beter te kan geniet."

Op die volgende vergaderings is lesings gehou, o.a. deur mnr. A. E. Viljoen oor „Onderwysstelsels in Engeland en Holland," dr. N. Diederichs oor „Die Volkebond," en dr. J. J. Dekker oor „Martin Luther."

As nuwe voorsitter vir die volgende verenigingsjaar is gekies dr. N. Diederichs, en mev. E. Fivaz is nog steeds sekretaresse. Die nuwe bestuur wend 'n spesiale poging aan om die vergaderings aantrekliker te maak deur „groot

manne,'' soos Langenhoven en Preller vir die volgende jaar uit te nooi as sprekers. „Ons moet ook meer ywer om nuwe lede te werf,'' sê die voorsitter. Op 'n vraag van die Helpmekaar-Kultuurvereniging waarom Ons Taal 'n samesmelting nie wenslik ag nie, sê die voorsitter het hy as volg geantwoord: 1. Die sentimente: dat O.T. die oudste vereniging in Bloemfontein is. 2. O.T. sal die H.K.V. nie versterk deur aan te sluit nie, daar meeste van die lede aan albei verenigings behoort. 3. O.T. is die enigste vereniging wat intellektuele lesings verskaf.

Bemoedigend is die verslag van die sekretaresse van die vergadering op 22 April 1931: „die saal was vol en die stemming baie gesellig.'' Sang en musiek was volop. Die hoofskotel was die lesing van dr. T. C. de Villiers oor: „Kulturele en Sosiale Toestande in Rhodesië.'' Volgens hom is die toekoms van die Afrikaner in Rhodesië baie rooskleurig, omdat die Afrikaner 'n goeie kolonis is, hard werk en nog die gees van die ware Voortrekker in hom omdra. Die meeste Afrikaners daar is trots op hulle taal en tradisies.

Die saal was stampvol op die vergadering van 26 Junie 1931: die aantrekkingskrag was prof. dr. M. Breyne van die Berlynse Universiteit, wat 'n lesing gegee het oor „Vlaandere

en Suid-Afrika.'' „Die lesing was uiters interessant,'' sê die sekretaresse, „en het mens weer moed gegee vir die toekoms, want die taalstryd in Vlaandere kom baie ooreen met dié van die Afrikaner. Die doktor het aan die einde van sy lesing gesê dat ons nie moet moed verloor nie, maar moet veg vir ons regte soos die mense van Vlaandere gedoen het.''

Toe die Bloemfonteinse Kultuurraad gestig is om alle Afrikaanse liggame in Bloemfontein saam te bind, het O.T. ook meegewerk. O.T. vra dadelik dat daar ook in Afrikaans uitgesaai sal word.

Vir die kultuurkongres van die F.A.K. op 22 en 23 Desember in Kaapstad, het O.T. die volgende beskrywingspunte gegee:

1. Dat by alle publisiteitsburo's in Suid-Afrika daarop aangedring word dat die boekies, pamflette, ens., wat aan die publiek verskaf word, ook in Afrikaans sal wees.

2. Dat in spoorweg-verversingslokale die bediening alleen deur persone sal geskied wat volkome tweetalig is.

„Ons Tydsomstandighede'' was die tema vir 'n toespraak deur prof. J. D. Kestell op 18 September 1931 in die Oranje-Koffiehuis. Spreker het teruggedink aan die dae toe hy nog lid was van Ons Taal, en die vergaderinge altyd in die Gedenksaal gehou was. Nou woon hy te ver om al die vergaderings by te woon. Dit

blyk egter dat die belangstelling nog nie verflou het nie. Prof. Kestell soek die oorsaak van die depressie nie net in oorproduksie nie, maar in 'n verkeerde kredietstelsel.

Die opkoms op die jaarvergadering (7 Desember 1931) was goed, meld die sekretaresse: daar was ongeveer ses-en-dertig lede teenwoordig! Die voorsitter het verklaar dat met groot tevredenheid op die jaar se werk teruggesien kan word. Die bewering dat Ons Taal sy bestaan nie regverdig nie, wil spreker weerlê. Hy is glad nie ten gunste daarvan dat Ons Taal met ander liggame behoort saam te smelt nie. Hierdie vereniging het sy bestaan sedert sy ontstaan wel deeglik regverdig en spreker neem dit kwalik dat van sekere kante voorgestel is dat Ons Taal sy bestaan moet staak.

Vervolgens het dr. J. de W. Keyter die aanwesiges toegespreek oor die invloed van armoede op die ontwikkeling van die kind, miskien die belangrikste gesigspunt i.v.m. die armblanke-vraagstuk.

Dr. N. Diederichs is weer gekies tot voorsitter en mev. E. Fivaz as sekretaresse.

Die eerste vergadering weer is gehou op 28 April 1932. Mnr. C. F. Hoogendyk het 'n woord van waardering gerig aan die bestuur met die suksesvolle eerste Afrikaanse toneellesing en hoop dit sal nie die laaste wees nie. Hierdie toneellesing is op 19 April in die

Openbare Biblioteek gehou en „Die Laaste van die Takhare'' deur C. J. Langenhoven is voorgelees. Die hoofnommer van die aand was 'n lesing van dr. J. J. Dekker oor Goethe.

Op 'n bestuursvergadering (8 Junie 1932) gee die voorsitter aan die hand dat die onderwerpe van die lesings meer aktueel moet wees, bv. die Ierse Ontwapeningskwessie, die Goudstandaard, ens. Die bestuur besluit dat die Britse volkslied by bioskope en dergelike openbare geleenthede moet afgeskaf word, of anders moet ons volkslied ook by elke geleentheid gespeel word.

Dr. C. M. van den Heever het op 21 Junie 1932 „'n inspirerende en geesdriftige'' lesing gehou oor Totius en sy boodskap vir ons volk. Mej. M. Viljoen en „klein'' Elsa Malherbe dra voor uit die digwerk van Totius.

Dr. D. G. Conradie het nog 'n lesing gehou oor „Geld,'' en toe was die jaarvergadering weer daar. Dr. A. Havenga is gekies as voorsitter, en later het mnr. P. J. Meyer opgetree as sekretaris. 'n Meesterlike karakterisering van Langenhoven en Von Wielligh is gegee deur dr. D. F. Malherbe. Hierdie skrywers het hy saam behandel, nie omdat hulle ons in dieselfde jaar ontval het nie, maar omdat in albei die onbedwinglike drang was om te gee wat die volk soek, om die waardevolle en nuttige tot volksopvoeding mee te deel.

In Maart 1933 het O.T. afskeid geneem van

sy eerste sekretaris en medestigter, dr. D. G. Conradie, wat na Suidwes-Afrika sou gaan as Administrateur van die mandaatgebied. Mnr. J. S. M. Rabie, een van die mede-stigters, het die ontstaan van die vereniging geskets en gewys op die rol wat dr. Conradie gespeel het. Dr. Conradie was toe nie alleen sekretaris van die vereniging nie, maar ook van die letterkundige afdeling daarvan, waar hy die spoorslag gegee het tot prestasie deur self produktief te wees. Hy het toe self toneelstukke uit Duits vertaal en hom veral beywer vir die toneelkuns. Deur sy gewaardeerde bemoeiinge het hy naderhand die voorsitterskap verwerf, waar hy 'n daadwerklike stukrag vir die vereniging geblyk het.

Een van die laaste dade van O.T. was om te help met die bestendiging van 'n Afrikaanse Toneelskool in Bloemfontein. O.T. het die toneelskool onder sy beskerming geneem en mnr. Hanekom soveel hulp verleen as moontlik.

Op 25 Augustus is die vyf-en-twintigjarige bestaan van O.T. en die verskyning van die Bybel in Afrikaans gelyktydig gevier. 'n Groot vergadering is dié aand in die Oranje-koffiehuis gehou en Totius het 'n lesing gegee oor die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, wat baie byval gevind het. Mnr. J. S. M. Rabie het 'n lesing gehou oor die vereniging se ontstaan en ontwikkeling gedurende die afgelope kwarteeu.

„Ons jong geslag van 1933," het die voorsitter gesê, „wil net ons hartlike dank uitspreek teenoor die baanbrekers van 1908, wat vir ons in die bresse gespring het om so 'n vereniging in die lewe te roep. Jammer om te sê dat ons nog moet veg, maar ons hou vol en volhard nog steeds meer en meer. Van nou af gaan ons die lende omgord vir die toekoms. Ende desespereert niet!"

Hierdie belofte is nie vervul nie. Sover my bekend, was dit die laaste vergadering van O.T., en was die feesviering ook sy begrafnis!

### (d) Die Letterkundige Onderafdeling van Onze Taal, en die Akademie.

Die vader van hierdie afdeling is ds. W. Postma. Op 2 November 1908 is in sy pastorie 'n byeenkoms van taalvriende gehou met die doel om die spelreëls, soos voorgestel deur die A.T.V. van die Kaapkolonie, te bespreek. Teenwoordig by dié geleentheid was die volgende here: ds. W. Postma, prof. A. Francken, mnre. J. S. M. Rabie, M. J. D. Steyn, D. P. du Toit, H. van der Spuy en W. G. Wessels. Die voorgestelde spelreëls het hulle een vir een bespreek en oor die algemeen goedgekeur met die uitsondering van 'n paar.

Die tweede byeenkoms van die Afrikaanse taalvriende is weer in die pastorie van ds. Postma gehou, op 7 November 1908. In sy openingswoord wys ds. Postma daarop dat ons

in ons taalstryd veral nodig het 'n sterk sentrale organisasie om:

(a) samewerking te bewerkstellig tussen die twee partye, d.w.s. die voorstanders van Hollands en die voorstanders van Afrikaans;

(b) die bestaande Afrikaanse lektuur en geskikte Hollandse boeke te versprei onder ons mense;

(c) voorsiening te maak vir geskikte skoolboeke;

(d) 'n wakende oog te hou oor behoorlike uitvoering van die nuwe skoolwet.

Volgens sy oordeel sou dit wenslik wees as Onze Taal sy vleuels so ver kon uitslaan om so 'n organisasie in die lewe te roep as een van sy onderafdelings. Die wenslikheid om 'n taalkongres op Bloemfontein te belê, word ook uitgespreek deur verskeie lede.

Op die algemene vergadering van Onze Taal op 10 November 1908 stel ds. Postma dan ook voor: „een vierde onderafdeling te stichten genoemd de Letterkundige Onderafdeling met 't doel een kongres bijeen te roepen van belangstellenden op taalgebied teneinde te beraadslagen wat gedaan kan worden om in de onmiddellike behoefte van schoolboeken te voorzien, alsook om Afrikaanse Literatuur over 't algemeen aan te moedigen en te verspreiden.'' Mnr. W. G. Wessels het die voorstel gesekondeer

en dit is aangeneem. Op die kommissie is gekies: dr. G. Knothe, prof. A. Francken, ds. W. Postma, adv. D. G. Conradie, mnre. J. S. M. Rabie, W. G. Wessels en M. J. D. Steyn.

Op die vergadering van die L.O. op 16 November 1908 is ds. W. Postma gekies tot voorsitter en adv. D. G. Conradie tot sekretaris. Omtrent die kongres is besluit dat afgevaardigdes gevra sal word om daarheen te kom op 13 Januarie 1909 — afgevaardigdes van die S.A. Taalbond, die A.T.V., ens., asook belangstellendes. Op die volgende vergadering (26 November) word egter besluit om die kongres uit te stel tot in April 1909.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die latere Akademie voor Taal, Letteren en Kunst sy ontstaan op Vrystaatse bodem gevind het. Die geestelike vader van die Akademie is ds. W. Postma. Die erevoorsitter van die kongres, dr. Brill, het dan ook op die taalkongres (1 Julie 1909) namens Onze Taal sy blydskap te kenne gegee „dat zovelen aan haar uitnodiging gehoor hebben gegeven, en daardoor bewijzen het met ons genootschap eens te zijn, dat in Zuid-Afrika eenheid en samenwerking nodig is op het gebied van taal en letterkunde evengoed als op dat van Staat en Kerk.''

Toe adv. D. G. Conradie tydens die sitting beweer het dat die Akademie in Kaapstad gebore is, het die voorsitter, prof. Moorrees,

opgemerk „dat het niet geheel juist was dat het idee om een Akademie op te richten van de Kaap uitging. Het idee was geboren in de Vrijstaat . . . " Dit is heeltemal waar as ons die saak uit 'n historiese oogpunt beskou, want die planne vir 'n kongres was reeds beraam deur Onze Taal toe daar tydens die Afrikaanse taalkongres in Desember 1908 in Kaapstad ook toenadering gekom het tussen die voorstanders van Nederlands en die voorstanders van Afrikaans. Die kongres is naamlik voorafgegaan deur 'n konferensie tussen verteenwoordigers van die Z.A. Taalbond en die Afrikaanse Taalvereniging „en 'n vaste verstandhouding bereik ten opsigte van gemeenskaplike aksie."*

Terselfdertyd het die Nasionale Konvensie in Kaapstad sitting gehad en op 'n wenk van pres. Steyn, J. H. Hofmeyr en generaal Hertzog is besluit om met die voorstanders van Afrikaans én Nederlands in die verskillende state te onderhandel, 'n konferensie in Kaapstad te belê

*Dr. Anna de Villiers (*Die Hollandse Taalbeweging in Suid-Afrika,* bl. 248) gee dus nie 'n juiste voorstelling van die saak as sy beweer: „Op hierdie kongres is dus die eerste stap gedoen tot unifikasie van die drie bestaande Afrikaanse vereniginge: die *Afrikaanse Taalgenootskap* in die Transvaal, *Onse Taal* in die Oranje-Vrystaat en die *Afrikaanse Taalvereniging* in die Kaapkolonie." Hier word *Onze Taal* ingesluit, terwyl dit juis dié vereniging is wat die leiding geneem het om die twee partye te versoen. Al het die Kaapse Kongres die bogenoemde besluit geneem, kom die eer van die prioriteit aan *Onze Taal* toe.

en almal wat in die Hollandse taal belangstel daarheen uit te nooi.

Hierdie konferensie is dan op 5 Januarie 1909 in die Hugenote-gebou in Kaapstad gehou, en van die mees vooraanstaande manne was daar teenwoordig. Prof. Moorrees is tot voorsitter en mnr. W. A. Hofmeyr tot sekretaris gekies. Aan die vergadering is meegedeel dat pres. Steyn laat weet het dat dit sy vaste voorneme was om hierdie vergadering by te woon, dog dat hy weens ongesteldheid verhinder is.

Die voorsitter het die doel van die konferensie uitgelê en die volgende besluit gelees wat geneem is op die Taalkongres deur afgevaardigdes van die Taalbond en die A.T.V.: „Deze vergadering besluit afgevaardigden van de Nationale Konventie tans alhier vergaderd die belangstellen in onze taal uit te nodigen tot een gemeenschappelike samenkomst ten einde de wenselikheid te bespreken van de stichting van een Zuidafrikaanse Akademie voor de behartiging van onze taal, letteren, geschiedenis en kunst.'' Hierdie voorstel is gedoen deur dr. Viljoen en gesekondeer deur prof. Moorrees.*

Op voorstel van genl. Hertzog en gesekondeer deur dr. W. J. Viljoen, het die konferensie van 5 Januarie besluit „dat een lichaam in 't leven worde geroepen ter bevordering van de Hollandse taal en letteren in Zuidafrika.'' J. H.

---

***Jaarboek I, 1910, bl. 10.**

Hofmeyr het hierop 'n amendement voorgestel, gesekondeer deur adv. J. H. H. de Waal, dat die volgende woorde by die voorstel gevoeg moet word: „met kennisneming van de beide taalrichtingen en van bestaande taalgenootschappen in Zuidafrika.''

Ná bespreking en stemming is die amendement verwerp en die voorstel aangeneem. *Ons Land* (19 Januarie 1909) wys daarop: „De reden waarom zelfs de meeste A.T.V.-vertegenwoordigers het amendement onnodig achtten was omdat ze, zoals ze zeiden, onder ‚Hollandse taal' ook ‚Afrikaans' begrepen en niet de schijn willen geven alsof ze anders dachten. Bovendien werd duidelik verstaan gegeven, dat het woord ‚Hollands' in die zin omschreven zou worden in de statuten van de te stichten akademie.'' Die *Vriend des Volks* (15 Jan. 1909) het dit ook so verstaan dat Hollands Afrikaans insluit.

Die vergadering benoem voorts tot lede van 'n kommissie met die opdrag om 'n konsepstatute vir die te stigte vereniging op te stel „en dezelve aan 'n later te houden vergadering voor leggen,'' die volgende here: Kaapland: prof. A. Moorrees, die heer J. H. Hofmeyr, dr. G. Cillie, adv. F. S. Malan, dr. W. J. Viljoen, dr. D. F. Malan, adv. H. S. van Zyl, ds. Brummer, adv. J. H. H. de Waal, prof. P. J. G. de Vos, prof. J. I. Marais, adv. W. J.

van Zyl, mnr. J. P. L. Volsteedt en W. A. Hofmeyr. Oranje-Vrystaat: Pres. M. T. Steyn, genl. J. B. M. Hertzog, dr. G. Knothe en ds. W. Postma. Transvaal: Ds. H. D. van Broekhuizen, adv. N. J. de Wet en mnr. G. S. Preller.

Tot sub-kommissie, ter opstelling van die konsep-statute, is benoem: prof. Moorrees, dr. W. J. Viljoen, ds. N. J. Brummer en mnr. W. A. Hofmeyr. Aan die sekretaris is opgedra om te onderhandel met die betrokke partye om te sien of die Taalkongres wat Onze Taal vir April 1909 gereël het, nie uitgestel kon word nie. Die statute-kommissie het ook dadelik aan die werk gegaan. Ná enige vergaderings in Stellenbosch en Kaapstad was die konsep-statute gereed en is dit aan die breë kommissie, onder voorsitterskap van J. H. Hofmeyr, voorgelê en ná noukeurige bespreking op twee agtereenvolgende vergaderings, met sekere wysiginge, goedgekeur.

Mnr. W. A. Hofmeyr het met *Onze Taal* in verbinding getree, soos blyk uit 'n brief van ds. Postma aan genl. Hertzog. Hierin beklemtoon hy weer die feit dat die gedagte van 'n kongres van Onze Taal uitgegaan het, maar hulle is gewillig om saam te werk met die Kaapenaars. Hy skryf o.a.: „Wij hadden hier plan om in April of Junie een Pan Holl. Kongres te houden onder voorzitterschap van Pres. Steyn. Leden van dit Kongres zouden zijn

afgevaardigden van de verschillende Holl. onderw. Unies, Taalbond, A.T.V., Vrouwen Ver., en ook alle bekende voormannen op taal gebied en Editeurs van de voornaamste Holl. Bladen.

Dit kongres moest dienen: (a) als demonstrasie dat de Holl. elementen in gans Z. Afrika het met elkaar eens zijn en met elkaar willen samen werken om hun grote doel te bereiken, hoezeer zij ook al in ondergeschikte zaken onderling verschillen; (b) om met elkaar de Holl. Taal belangen te bespreken, zoals ik het verkies te noemen de Taal-Policy. Wij moeten het met elkaar eens worden wat wij willen en welk gedragslijn wij gaan volgen. M.a.w. wij moeten een program van beginselen en een program van aksie opstellen.''

Onze Taal is egter gewillig om saam te werk met die Breë Kommissie en die kongres te reël. Ds. Postma gee aan die hand dat 'n kleiner kommissie vóór die kongres vergader en met 'n definitiewe basis voor die kongres kom: „Het kongres zal zoveel beter werk doen met het prae-advies van de Kom.''

Op die vergadering van die Letterkundige Onderafdeling van Onze Taal op 24 Februarie 1909 is die datum van die kongres vasgestel op 1 en 2 Julie. President Steyn sal gevra word om as erevoorsitter op te tree en die kongres te open.

Die hele organisasie van die kongres berus nou by Onze Taal, en daarom verskyn daar die volgende kennisgewing in die *Vriend des Volks* van 9 Maart 1909, onderteken deur dr. G. Knothe en adv. D. G. Conradie, voorsitter en sekretaris van Onze Taal onderskeidelik:

„Op Woensdag 1 Juli en volgende dagen zal er te Bloemfontein een kongres gehouden worden in verband met de onlangs opgerichte Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal en Letterkunde. Het doel van dit kongres zal zijn: (a) Bespreking en behandeling van de door de sub-kommissie opgetrokken koncept-statuten van de bovengenoemde Akademie. (b) Verkiezing van bestuur en leden van de Akademie-raad. (c) Bespreking van andere taalbelangen, zoals betere samenwerking tussen verwante taallichamen; bevordering en verspreiding van Nederlandse en Afrikaanse Literatuur, vooral met het oog op de scholen; verspreiding van Hollandse muziek, enz. (d) Behandeling van ingekomen vragen en beschrijvingspunten (voor 15 Mei in te zenden)."

In die *V.d.V.* van 21 Mei 1909 word die kennisgewing herhaal, en ook die konsep-statute gepubliseer: „Alle lichamen en personen, die wensen mede te werken om het doel in het koncept neergelegd te bevorderen, zullen welkom zijn op het kongres."

Die breë kommissie wat op 5 Januarie in

Kaapstad gevorm is, het nou twaalf persone, wat al die provinsies verteenwoordig het, na Bloemfontein afgevaardig om vooraf op 29 Junie 1909 byeen te kom en te beraadslaag oor die oprigting van die Akademie. Hulle moes dan die konsep-statute in behandeling neem om met bepaalde en definitiewe voorstelle voor die kongres te kom die volgende dag. Die twaalf afgevaardigdes was: prof. A. Moorrees, ds. D. S. Botha, ds. N. J. Brummer, dr. G. Knothe, adv. W. J. van Zyl, ds. H. D. van Broekhuizen, prof. Jan Lion Cachet, ds. W. Postma, prof. G. Besselaar, prof. A. Francken, ds. J. D. Kestell en mnr. G. S. Preller.

By hierdie kommissie was daar verskil van gevoelens oor sy verhouding tot die kongres. Dit is egter besluit met tien stemme teen twee dat die opdrag om 'n Akademie te stig by die twaalf afgevaardigdes en nie by die kongres berus nie; dat die te stigte sentrale liggaam uit 'n beperkte getal, bv. 50, sou bestaan, en dat die besluite aan die kongres gerapporteer sou word. Verder sou hulle deur bespreking van die konsep-statute en andersins by die kongres voorligting soek omtrent die wyse waarop die beste verband gelê kon word tussen die Akademie en die groot publiek.

Ná langdurige bespreking deur die kongres is bogenoemde gedragslyn gevolg. Daar was naamlik twee moontlikhede bepleit: 1, dié van 'n algemene, breë liggaam waarin al die ver-

enigings verteenwoordig word, en 2. dié van 'n klein uitgelese liggaam van „uitverkorenes.'' Nog dieselfde aand, ná afloop van die kongres, is deur die kommissie van afgevaardigdes dertig van die totale vyftig lede gekies uit 'n groslys deur die kongres self opgestel. Daar is besluit op twaalf verteenwoordigers vir die Kaapprovinsie, nege vir die Transvaal, sewe vir die Vrystaat en twee vir Natal. Dit is opmerklik dat ds. W. Postma nie een van die lede vir die Vrystaat was nie.

Oor die besluite en werksaamhede van die Akademie sal ons nie uitwei nie. Dit was ons hier net te doen om aan te toon dat die Akademie in Vrystaatse aarde sy wortel het. Die stigting van hierdie liggaam, wat as hoogste gesag op taal- en letterkundige gebied in Suid-Afrika sou geld, het dan 'n definitiewe versoening teweeggebring tussen die twee taalpartye. Dit het gereeld 'n jaarboek uitgegee waarin belangrike lesings verskyn het, en vanaf 1922 verskyn *Die Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, 'n hoogstaande kwartaalblad vir wetenskaplike artikels. Verder het die Akademie uiters waardevolle werk gedoen in verband met die reëling van die moeilike spellingvraagstuk en die uitgawe van 'n *Afrikaanse Woordelys*, waarvan die vyfde druk in 1937 verskyn het. In 1912 is die Hertzog-prys ingestel wat jaarliks toegeken word vir die beste belletristiese werk in Afrikaans. Tog sien ons dat die

Akademie 'n gevoelige skok gekry het toe dit as vernaamste taalliggaam verbygegaan is in verband met die opstelling van die Groot Afrikaanse Woordeboek en dié werk aan prof. Smith oorhandig is.

Die mening is al dikwels uitgespreek dat die Akademie eintlik geen doel meer het nie, want in die taalstryd self het dit nooit belangrike werk gedoen nie, en vandag gaan die meeste skrywers hulle eie weg op, en het hulle nie meer soveel leiding nodig as vroeër nie. Tog weet ons uit die geskiedenis van ander Akademies, soos bv. dié wat bestaan in Italië, in Frankryk en in Vlaandere, dat hulle vir die wetenskap vandag uiters waardevolle werk verrig. Die Suid-Afrikaanse Akademie se werk was oorspronklik beperk net tot lettere en kuns, maar later is dit uitgebrei tot die wetenskap ook, en ons kan seker verwag dat met 'n bietjie jeugdige stukrag dit in die toekoms nog van groot waarde sal wees tot die opbouing van die Afrikaanse kultuur.

### (e) Studenteverenigings.

„Die stelsel van Hoëronderwys, wat in die verlede jarelank stand gehou het in Suid-Afrika, was, net soos die stelsel van Laeronderwys, daarop bereken om die selfstandige en sigself wordende ontwikkeling van die Hollands-Afrikaanse studerende jongelingskap heeltemal te onderdruk en te vernietig,'' skryf prof. J. C.

van Rooy in 1925 (*Konstitusie, Statute en Algemene Reglement van die A.S.B.*).

Dit was, vervolg hy, nie 'n stelsel van hoër-onderwys wat opgebloei het uit ons Suid-Afrikaanse bodem en wat ingerig was volgens die vereistes van ons volkskarakter en ons landsomstandighede nie — nee, dit was 'n ingevoerde stelsel wat in alle opsigte meganies geskoei was op Engelse lees. Die opleiding wat ons Afrikaanse jeug gekry het, het gevolglik geen aansluiting gevind by en geen verband gehou met die eenvoudige landelike opvoeding van die Afrikaanse huisgesin en die tradisionele aard en karakter van die volk nie. Dit was 'n opleiding deur middel van 'n vreemde taal; dit was 'n opleiding wat die studerende jeug in onkunde gehou het omtrent die geskiedenis van sy volk en omtrent die aardrykskunde van sy eie land. Meestal was dit Engelse professore wat deur middel van die Engelse taal die hoofde van merendeels Hollands-Afrikaanse studente opgevul het met uitheemse, hoofsaaklik Engelse leerstof.

Dis duidelik: die Hollands-Afrikaanse student was gedompel in 'n toestand van intellektuele knegskap en slawerny; hy was homself nie, hy was geen draer van 'n eie, wetenskaplike persoonlikheid en indiwidualiteit nie. Gedwee en onderworpe het die student jare lank sonder enige teenkanting geloop aan die intellektuele leiband van die vreemdeling.

Toe gebeur dit, vertel dr. N. J. van der Merwe (*Die Banier,* Sept. 1932) dat twee studente op 'n Saterdagmôre in die jaar 1911 mekaar heel terloops raakloop vlak voor Darter se winkel op Stellenbosch. Die een was sekretaris van die plaaslike tak van die A.T.V. en die ander lid van die bestuur van Ons Spreekuur, — altwee was geesdriftige A.T.Viste. In elkeen brand 'n nasiegevoel, wat tot nuwe optrede aanspoor. „Daar is nog te min studente wat lewendig belangstel in die taalstryd. Is die student dan nie geroepe om reeds sy aandeel te neem nie en kan hy nie 'n mag in Suid-Afrika wees nie, as hy behoorlik organiseer en optree? Waarom nie 'n begin maak met 'n taalkongres, uitsluitlik vir studente?'' vra die een. „Dit is die regte ding,'' antwoord die sekretaris van die A.T.V.

Dit was nie moeilik om die gemelde twee verenigings op Stellenbosch vir hierdie doel te bewerk nie en op 6 April 1911 het die eerste Studente-Taalkonferensie in die C.J.V.-saal aldaar vergader. Hierdie Taalkonferensie het 'n plotselinge ommekeer teweeggebring. Die Bolandse student blaas die basuin; die geklank weergalm ver en wyd oor die breë Suid-Afrikaanse vlaktes; en sy strydmakkers stroom saam selfs uit die Vrystaat en die Transvaal. Die aanval word georganiseer onder 'n vaandel, waarin die spreuk pryk: „Wij zullen handhaven.'' Dié Taalkonferensie was die eerste